# WYS MY DIE WEG



FAMILIA LENT 2026

# WELKOM

Welkom by die Lent Gesinsreis!

Wys My die Weg: ‘n Reis deur die Psalms saam met Jesus
(Begin op Aswoensdag)

Lent is ‘n spesiale seisoen in die kerkkalender – vir veertig dae gaan Christene wêreldwyd op ‘n reis saam met Jesus deur Sy lydingservaring. Ons skep ‘n ruimte vir God en berei ons harte voor vir Paasfees. Ons vra ook dat Hy ons sal help om saam met Hom na die kruis te stap.

Op hierdie Lent-reis volg ons Jesus op Sy pad na die kruis – nie net deur die Evangelies nie, maar ook deur die Psalms, wat Sy eie ‘gebedstaal’ was.

Op Aswoensdag onthou ons dat die lewe ‘n geskenk van God is, dat ons deur Hom vasgehou word, en dat ons elke dag Sy leiding nodig het. As gesinne wil ons oefen om daagliks met Jesus te wandel:
- om na Hom te luister...
- om Hom te vertrou...
- en om Hom toe te laat om vir ons die pad van die lewe te wys.

As ouers/voogde word julle enooi om hierdie reis vir jou kind tuis te fasiliteer deur een keer per week om die tafel te sit.

Kinders leer deur aanraking, stories en eenvoudige ritmes, daarom word jou gesin genooi om sekere gebruike te beoefen, deur gebruik te maak van die “Lent-Mini’s”. Wat ontwerp is om kinders te help om hierdie volgende paar weke met Jesus deur te reis op ‘n praktiese, speelse en betekenisvolle manier.

## Wat is Lent-Mini's?

Elke week sal jou kind 'n verseëlde pakkie ontvang – hul "Lent-Mini". Hierdie versamelstukke hoef nie in 'n spesifieke volgorde ontvang te word nie.

Binne die pakkie is 'n klein voorwerp wat aansluit by een van die gebruike waarop ons gedurende Lent by Mkidz, Midway, Mezo en in die gemeente sal fokus. Hierdie voorwerpe help kinders om te sien, aan te raak en te onthou wat Jesus besig is om vir hulle te leer.

Elke "Lent-Mini" sluit 'n "QR"-kode in.

Ouers/Voogde kan die QR-kode skandeer om 'n kort eenvoudige weeklikse gesinsgesprek oop te maak – net 5 minute, geen voorbereiding word benodig nie – hierdie gaan julle bystaan om jou kind op die reis te lei.

## Die volgende riglyne lei julle deur ‘n sagte, betekenisvolle ritme:

**1. Die Mini Bybel (Skrifgebed)**
Die QR-kode sal julle na riglyne neem wat dan gebruik kan word om jou kind te leer hoe om ‘n skrifgebed te doen. Jy kan hierdie riglyne vir enige van die skrifte wat weekliks voorgestel word, gebruik.

**2. Die Mini Musieknoot (Gebedslied)**
Die QR-kode sal julle na die skakel van die gebedslied neem, waarmee ons op reis sal wees. Dit is ‘n herhalende skrif wat op musiek geplaas is om ons te help om van ons koppe na ons harte te laat beweeg.

**3. Die Mini Gebedshande (‘n Genade)**
Die QR-kode neem jou na riglyne oor hoe om vir jou kind ’n genadegebed te leer – ’n eenvoudige eenlyn-gebed om mee te leef.

**4. Die Palm-Takkie (Ons Aanbid Hom)**
Die QR-kode sal jou na ‘n riglyn neem om Jesus saam te vier – deur woorde, beweging, of ‘n eenvoudige oomblik van dankbaarheid.

**5. Die Kruis (Jesus Sterf vir My)**
Die QR-kode sal jou na ‘n sagte, ouderdomsgepaste manier lei om na te dink oor Jesus se liefde en opofferings.

**6. Die Oop Graf (Jesus staan op en Ek kan Saam Met Hom Leef)**
Die QR-kode sal jou na ‘n vreugdevolle herinnering lei en dat Die storie nie by die kruis eindig nie – Jesus leef, en ons kan elke dag saam met Hom wandel.

## Hoe gesinne dit kan gebruik:

Een keer per week – tydens aandete, slaaptyd, of wanneer julle ook al ‘n oomblik saam kan skep – gebruik die riglyne op die QR-kodes wat saam met die Lent-Mini’s ingesamel is om julle te help.

- Laat jou kind die voorwerp vashou.
- Vra wat hulle waarneem of oor wonder.
- Skandeer die QR-kode en volg die kort stappe.

Dit is nie nog ‘n taak om by jou week te voeg nie:

- Dit is ‘n oomblik van stilte.
- ‘n Oomblik van samesyn.
- ‘n Oomblik om Jesus jou die weg te laat wys.

Mag jou huis oor hierdie 40 dae ‘n plek word waar julle saam stadiger beweeg, saam luister, en saam met Jesus deur die Psalms loop – en julle harte vir Paasfees voor te berei.

## Voorbereidingsweek

### 1. INLEIDING

Terwyl ons om die tafel bymekaarkom, is ons saam aan die begin van ‘n reis. Lent is ‘n 40-dae reis waar ons stadiger beweeg, Jesus na die kruis volg, en ruimte vir God maak. Dit is ‘n seisoen om raak te sien wat binne ons gebeur, om God te vertrou wanneer die lewe moeilik of verwarrend voel, en om te onthou dat Hy altyd met ons is – selfs in die ‘tussen-in’ oomblikke.

### 2. “CHECK-IN”

Gee vir elke persoon ‘n stukkie papier (of gebruik julle verbeelding) om aan ‘n “emoji” te dink en dit te teken... Dink aan jou week en kies een emoji wat wys hoe jou week gevoel het. Kies dan een emoji vir iets waarmee jy God se hulp gedurende Lent wil hê. ‘n Bietjie pret:

- Almal hou terselfdertyd hul emoji’s op of teken dit.
- Maak beurte om die gesig van jou eerste emoji te maak en ‘n kort storie daaroor te vertel.

Nadat julle klaar is met die “check-in”, steek ‘n kers aan terwyl julle die gebedsang saam sing. Dit is ‘n Skrifgedeelte wat saam met musiek herhaaldelik gesing word, om ons te help om van ons koppe na ons harte te laat beweeg.

### 3. SKRIF

Lees hierdie Psalm biddend en let op watter woord of frase uitstaan.
“Ek slaan my oë op na die berge:
Waar sal my hulp vandaan kom?
My hulp is van die Here,
wat hemel en aarde gemaak het.
Die Here sal jou veilig hou
nou en vir altyd. – Psalm 121
Hierdie Psalm herinner ons dat God nooit slaap nie, ons nooit vergeet nie, en altyd oor ons waak. Wanneer ons met Lent begin, onthou ons dat ons mense is (‘stof’), EN diep geliefd, is. Wanneer Jesus deur Sy moeilikste tyd op aarde gaan, weet Hy waar Sy hulp vandaan kom. Hy draai na Sy Vader toe.

## Gesels Saam

• Watter deel van Psalm 121 laat jou veilig of kalm voel?
• Wat kan jy opgee, óf opneem, om meer ruimte vir Jesus te maak gedurende hierdie Lent?

Byvoorbeeld: Ek kan ekstra skermtyd opgee sodat ek meer tyd het om met Jesus te praat. Of...

Ek kan aanneem om ekstra vriendelik by die skool te wees of om met take by die huis te help.

## Gebed

Here, help ons asseblief om U nabyheid en liefde in ons lewens raak te sien.

## Week 1 - Die Weg van 'Neerdaal'

**INLEIDING**

Ons kom vandag weer om die tafel bymekaar. Neem 'n oomblik net om mekaar raak te sien. Die lewe voel dikwels so gedruk om 'die beste te wees' of om alles in plek te hê. Maar Jesus wys 'n ander manier – die manier om te kies om nederig en vriendelik te wees. Soos Psalm 131 beskryf, kan ons in God rus, in plaas daarvan om onsself heeltyd te bewys.

**"CHECK-IN"**

Maak 'n reënboog saam. Kies:

- Een kleur vir 'n tyd toe jy veilig of gelukkig gevoel het.
- Een kleur vir 'n klein bekommernis wat nie so groot was nie.
- Een kleur vir 'n vriendelike ding wat iemand vir jou gedoen het.

'n Bietjie pret: Almal plaas hul kleure op die tafel in die vorm van 'n 'gesinsreënboog' en deel een kort sin oor elke kleur. Jy kan 'n beweging byvoeg: strek hoog vir veilig, hurk laag vir bekommernis, draai vir vriendelike oomblik.

Nadat julle klaar is met die "check-in", steek 'n kers aan terwyl julle die gebedsang saam sing.

**SKRIF**

"As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen." – Johannes 13:14-15

Jesus het Sy dissipels se voete gewas – iets wat slegs diensknegte gedoen het! Hy was nie skaam om te dien nie. Hy het gewys dat ware krag uit liefde kom, nie uit kompetisie nie. Wanneer ons Hom volg, word ons harte kalmer, vryer en meer liefdevol. Dit is net soos Psalm 131, waar God ons uitnooi om 'n stil, nederige hart te hê – om in Hom te rus soos 'n klein kindjie wat veilig en versorg voel by hulle ouers/voogde.

## Gesels Saam

• Hoekom dink jy het Jesus gekies om iets neerdalend ('laag') of nederig te doen?
• Hoe sal dit lyk vir ons gesin om Jesus se voorbeeld hierdie week te volg?

## Gebed

Here, help ons asseblief om U nabyheid en liefde in ons lewens raak te sien.sien.

## Week 2 – die Weg van Selfloosheid

**INLEIDING**
Psalm 84 is ‘n pelgrimslied – soos ‘n “roadtrip” liedjie vir mense wat na Jerusalem stap. Die lewe met Jesus is ook ‘n reis. Langs die pad gaan ons deur ‘droë valleie’, oomblikke van druk, foute, of stres – net soos Petrus toe hy Jesus verloën het. Maar Jesus se liefdevolle kyk het hom nie laat skaam voel nie; dit het hom genees. God stap met ons deur elke vallei en gee nuwe krag.

**“CHECK-IN”**
Hierdie week, wanneer het jy gevoel iets was swaar of moeilik, wanneer het jy naby aan God gevoel, en wat is een ding wat jy probeer beheer wat jy God kan toelaat om te dra? Gaan kry ‘n klein hartvormige voorwerp of sagte speelding; elke persoon hou dit vas terwyl hy/sy al drie hierdie vrae beantwoord.
Nadat julle klaar is met die “check-in”, steek ‘n kers aan terwyl julle die gebedsang saam sing.

**SKRIF**
Lees hierdie Psalm biddend en let op watter woord of frase uitstaan.

“Gelukkig is die mense wie se krag in U lê!
Die pelgrimstogte leef
in hulle gedagtes:
Trek hulle deur die Baka-vallei,
maak hulle daarvan ‘n landskap
ryk aan fonteine;
die vroeë reën maak dit
selfs vol waterpoele.
Hulle gaan van krag tot krag;
elkeen verskyn voor God in Sion.
– Psalm 84:6-8

God belowe nie ‘n maklike reis nie, maar Hy belowe om elke tree saam met ons te loop. Selfs ons trane, vrese, of mislukkings kan ‘fonteine’ word – plekke waar nuwe lewe groei. Dit is wat Jesus in Matteus 16 vir ons kom wys: om Hom te volg beteken om ons kruis op te neem, om Sy weg te kies selfs wanneer dit moeilik is, en om te vertrou dat ware lewe – nuwe lewe – deur oorgawe kom. Wanneer ons met Jesus op die moeiliker paaie stap, verander Hy ons stryd in plekke waar Sy lewe in ons kan laat groei.

## Gesels Saam

• Kan jy dink aan ‘n tyd wat julle as gesin vasgevang gevoel het of dinge moeilik was?
• Hoe het jy gesien dat God iets moeiliks in iets goeds verander het?

## Gebed

Here, help ons asseblief om U nabyheid en liefde in ons lewens raak te sien.

## Week 3 - Die Weg van Gehoorsaamheid

**INLEIDING**

Psalm 40 begin in ‘n diep, modderige “put” – ‘n plek van uitdagings, wag, en uitroep. God buk af, hoor, en lig op. Jesus gaan Sy eie “put” binne in Getsemane, waar Hy diep vrees en pyn voel. En daar bid Hy die lewens-veranderende woorde: “Nie my wil... maar U s’n.” Hierdie week gaan oor gehoorsaamheid – nie omdat die lewe maklik is nie, maar omdat God naby, goed en betroubaar is.

**“CHECK-IN”**

Dink aan jou week soos ’n avontuur: Wanneer het dit gevoel asof jy deur modder loop? Wat was iets moeilik wat jy aan wou vashou, maar jy kon nie? En waar het jy gesien hoe God soos ’n superheld help? Vir ’n prettige draai: Nadat julle julle antwoorde gedeel het, doen almal ’n klein superheld-posisie om dit uit te beeld.

**SKRIF**

Lees die volgende vers biddend en let op watter woord of frase uitstaan.
“Vader, as U wil, neem hierdie beker van My weg; laat nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied.” – Lukas 22:42
Jesus is eerlik met sy Vader – Hy steek Sy vrees nie weg nie. Tog vertrou Hy dat God se manier goed is. Gehoorsaamheid beteken nie om alles te verstaan nie; dit beteken om naby aan God te bly en Sy hart te vertrou. Dit is net soos Psalm 40, waar die digter sê dat God ons harte meer wil hê as ons perfekte dade, en waar hy kies om God se wil te vertrou, te gehoorsaam en daarin bly te wees, selfs wanneer dit moeilik is om te verstaan.

## Gesels Saam

- Hoekom kan dit moeilik wees om te bid “U wil, nie myne nie”? En, het jy al ooit so gevoel?
- Waar kan ons gesin hierdie week oefen om te vertrou of ‘los te laat’?

## Gebed

Here, help ons asseblief om U nabyheid en liefde in ons lewens raak te sien.

## Week 4 - die Weg van Lyding

**INLEIDING**

Psalm 22 begin met een van die rouste vrae in die Bybel: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Jesus bid dit van die kruis af – nie omdat Hy vergeet het wie Hy is nie, maar omdat Hy ware pyn, eensaamheid en stilte voel. Hierdie week herinner ons daaraan dat God nie bang is vir ons groot gevoelens nie. Wanneer die lewe seermaak, wanneer God stil voel, of wanneer ons nie weet hoe om te bid nie – Nooi die Here ons om eerlik te wees. Jesus Self het hierdie woorde gebid. Ons kan ons chaos, ons vrae, ons hartseer en ons vrees bring. God kan dit hanteer. En Hy ontmoet ons daarin.

**"CHECK-IN"**

Hierdie week, het jy ooit 'n oomblik gehad waar jy 'n bietjie geïgnoreer, deurmekaar of net 'meh' gevoel het – en as God jou toe 'n snaakse verrassingsboodskap gestuur het (soos 'n graffiti boodskap op die muur, 'n singende diertjie, of 'n nota in jou kosblik), wat sou jy wou hê dit moes wees? (daag mekaar uit om kreatief met julle antwoorde te wees!) Nadat julle klaar is met die "check-in", steek 'n kers aan terwyl julle die gebedsang saam sing.

**SKRIF**

Lees die volgende Psalm biddend en let op watter woord of frase uitstaan. "My God, my God, waarom het U my verlaat...?" – Psalm 22:2a Dit is die presiese woorde wat Jesus aan die kruis uitgeroep het. Hy steek Sy pyn nie weg nie – Hy bring dit na God. Psalm 22 begin in diepe hartseer, maar soos die psalm aangaan, beweeg dit na vertroue en selfs lofprysing. God is met ons nie net in vreugde nie, maar ook in swaarkry. Soos Jesus, kan ons eerlik met God praat – selfs wanneer die enigste woorde wat ons het, moeilike woorde is. In Markus 15 sien ons hoe Jesus deur verskriklike lyding loop – bespot, geslaan en aan die kruis vasgespyker. Tog, selfs daar, roep Hy sy Vader, wat vir ons wys dat God ons ware, rou harte verwelkom. Jesus se woorde aan die kruis leer ons dat God by ons is in ons pyn, en dat eerlike gebed (selfs vol trane en seer) 'n daad van geloof is.

## Gesels Saam

- Hoekom dink jy nooi God ons om eerlik te bid – selfs wanneer ons ontsteld of onseker is?
- Waar het ons gesin God se vertroosting of nabyheid nou nodig?

## Gebed

Here, help ons asseblief om U nabyheid en liefde in ons lewens raak te sien.

# Week 5 - Die Weg Van Oorgawe

## INLEIDING

Aan die kruis kom Jesus se laaste woorde uit Psalm 31: "In U hand gee Ek My gees oor." Hy kies nie woede of vrees nie – Hy kies vertroue. Hy gee Sy hele lewe aan die Vader oor. Dit is nie swakheid nie. Dit is die diepste vryheid. Hierdie week verken ons wat dit beteken om 'oor te gee' – nie opgee nie, maar oorgee.

## "CHECK-IN"

Stel jou voor God het 'n rugsak om te help om ons probleme te dra: Wat is iets wat jy alleen gedra het, waar het jy God se hulp nou benodig, en wat help jou om veilig by God te voel?
Doen die volgende: Almal sit hul bekommernisse in 'n rugsak / inkopiesak (deur dit op 'n klip te skryf). Maak beurte om die sak te dra, en deel daarna een ding wat julle vir God wil gee. Wanneer julle klaar is sit dit iewers (in 'n mandjie of houer) as 'n herinnering dat julle nooit alleen is nie.
Nadat julle klaar is met die "check-in", steek 'n kers aan terwyl julle die gebedsang saam sing.

## SKRIF

Lees die volgende Psalm biddend en let op watter woord of frase uitstaan.
"In U hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak." – Psalm 31:6
Jesus bid hierdie Psalm terwyl Hy sterf. Dit wys vir ons dat ons ons vrese, planne, identiteit en toekoms aan God kan toevertrou. Ons hoef nie alles bymekaar te hou nie – Sy hande is sterk genoeg.

## Gesels Saam

- Wat is een ding wat ons as gesin hierdie week 'in God se hande' kan plaas?
- Hoe verander dit die manier waarop jy jouself sien as jy weet 'ek behoort aan God'?

## Gebed

Here, help ons asseblief om U nabyheid en liefde in ons lewens raak te sien.

mosaïek

www.mosaiek.com | 011 268 4700 | info@mosaiek.com
1 Danielle Street, Fairland, Johannesburg